



November 2018

Beste Volkie-slang!

Eerstens, baie geluk met jou uitstekende keuse om deel te wees van Hoër Volksskool Potchefstroom! Saam gaan ons jou help om hoë hoogtes te bereik. Die volgende 5 jaar van jou lewe gaan van die bestes wees. Ons sien daarna uit om jou te ontmoet.

Jou graad 8 jaar by Hoër Volksskool begin amptelik op 9 Januarie 2018.

*Meld stiptelik om 07h00 aan in jou nuwe Volkie-sportdrag (rooi Volkie-gholfhemp en swart Volkiebroek) met wit kouse en tekkies voor die ingang van die skoolgebou. **Hierdie gaan jou kleredrag wees tot die slangonthefing op 7 Februarie 2018.** Vir die eerste week moet die meisies 5 poniesterte hê met geel strikkies en die seuns 'n middelpaadjie.

*Jy moet ook 'n blikkie kos(ertjies, boontjies, sweetcorn, ens.) hê wat jou "mini me" gedurende die oriënteringstydperk gaan wees. Dit kom elke dag saam skooltoe. Wees kreatief sodat die blikkie soos jy lyk, los die etiket aan of merk duidelik met swart pen wat daarin is.

***SLANGSOKKIE(9 Januarie):** (17h00 - 18h30) Die seuns stel meisies voor en trek rokkies aan terwyl die meisies weer seuns moet voorstel. Bring 'n dansmaat(mop/besem/sambreel/ens.) saam.

***DONDERDAG(10 Januarie):** Vandag gaan jy jag. Kamoefleer jouself sodat niemand jou kan sien nie.

***VRYDAG(11 Januarie):** Vandag is dit Volkie-Olympics! Meisies maak nog steeds 5 poniesterte, maar seuns gel hulle hare plat.

***SLANGKAMP:** Die eerste naweek (11 - 12 Januarie 2018) nadat die skool begin het is tradisioneel ons slangkamp. Hieroor gaan julle nog laaaaank praat! Op hierdie naweek gaan ons mekaar beter leer ken, tradisies leer en lekker pret hê. **Kostes beloop R250-00 per slang.** Dit moet saam met jou vrywaringsvorms voor/op 10 Januarie 2018 by jou voogonderwyser ingehandig word. **Die kamp begin Vrydagmiddag 14h30 en duur tot Saterdagmiddag 12h00.**

DIE KAMP IS VERPLIGTEND VIR ALLE SLANGE!

Benodighede vir die slangkamp:

Toiletware	Slaapsak en kussing
Persoonlike medisyne	Handdoek en swemklere
Eetgerei	Sonskerm en hoed!
Jou Bybel	2 stelle ou klere en tekkies
Flits(wat rêrig werk)	Waterbottel

GROOT glimlag en deelnemende, positiewe gesindheid! (NB!!!)

***Los asseblief jou selfoon, tablet, Laerskool speelgoed, foto van jou ma en moegheid by die huis**

Jy gaan 'n BAIE opwindende tyd in jou lewe binne Hoërskool! Volkiegees en -tradisies is werklik uniek, ons kan nie wag om jou hier te ontvang nie!

Ons wil jou help om daarvan iets onvergeetliks te maak. Die studenteraad (SR) is daar om te verseker dat julle slange op 'n positiewe wyse deel word van al die Volkietradisies en -geskiedenis. Moenie huiwer om 'n SR-lid te vra as jy onseker is oor enige iets nie. Ons is hier om jou te help en by te staan.

Rus goed uit die vakansie en slaap genoeg - jy gaan baie energie nodig hê vir volgende jaar!

Volkiegroete

STUDENTERAAD 2019



WENKE VIR AANPASSING:

- *Vergeet alles van die Laerskool en begin heel van voor af met jou akademie, sport en kultuur. Nou is jou tyd om te floreer!
- *Doen met selfdissipline en (baie) vooruitbeplanning al jou skoolwerk en ander aktiwiteite, om sukses te behaal.
- *MOENIE jou Huiswerkboekie verloor/vergeet nie. Dit is die sleutel tot alles in Volkies.
- *Skakel dadelik by die Volkiefamilie in, deur die regte gesindheid te hê. Dit is wonderlik en opwindend om deel daarvan te wees.
- *Neem deel aan ten minste 2(of meer) aktiwiteite - sport en/of kultuur. So leer jy mense ken. Dit is baie belangrik - bekend maak bemind!
- *Moet GEEN sosiale geleentheid misloop nie! (Dit is die dinge wat jy altyd sal onthou!)
- *Doen jou beste en geniet wat jy doen, ongeag in watter span jy speel.
- *Openbaar goeie, hoflike maniere teenoor personeel, ouers en medeleerders.
- *Praat ALTYD suiwer Afrikaans!
- *Luister na ALLE afkondigings by die skool sodat jy op hoogte is van wat aangaan. Dit gaan bietjie vinnig, maar jy sal net so vinnig gewoond raak daaraan.
- *Jou tas/sportsak/sportskoene ens. moet nooit op enige plek neergesit word nie. Dit gaan wegdraak! Merk jou skooltas, sak en klere.
- *Maak seker jy eet 'n goeie ontbyt - die skooldag is lank (veral met 'n dubbel wiskunde).
- *'n Goeie vitamienaanvulling is noodsaaklik vir vinnig groeiende slange.

EENMAAL 'N VOLKIE - ALTYD 'N VOLKIE!

"Moenie bang wees nie, want Ek is by jou. Moenie ontsteld word nie, want Ek is jou God. Ek maak jou sterk en wil jou help. Ek laat jou oorwin met My regterhand wat mense red."

Jes. 41:10